



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

MODEL 2008

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede demonstreer:

- Die gebruik van korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en implementering van visuele analise en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n sosiale en geskiedkundige konteks
- 'n Begrip van kenmerkende kuns- en kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Beantwoord enige **VYF** vrae vir 'n totaal van 100 punte.
2. Nommer die antwoorde en onderafdelings korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.
4. Maak seker dat jy na die afgebeelde, kleur visuele bronne verwys waar dit vereis word.
5. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek is en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysings na kunswerke is toelaatbaar.
6. Noem die kunstenaar en titel van elke kunswerk waarna verwys word.
7. Skryf in 'n duidelike, kreatiewe en ordelike styl en gebruik volsinne en paragrawe waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.

WOORDELYS VAN TERME GEBRUIK

Gebruik die volgende woordelys van terme om te verseker dat jy verstaan hoe om 'n bepaalde vraag te benader.

- Analiseer: 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente (soos lyn, kleur, toonwaardes, formaat, ensovoorts) en komposisie van die werk.
- Vergelyk: Dui op 'n geordende wyse en binne dieselfde argument die verskille en ooreenkomste aan.
- Bespreek: Bied jou standpunt aan en gee redes vir jou stellings.
- Verduidelik: Maak duidelik en gee redes vir jou stellings.
- Interpreteer: Ontleed/Analiseer en evalueer (gee 'n ingeligte mening). Kontekstualiseer en motiveer met spesifieke voorbeelde.
- Verklaar: Sê reguit wat jy dink – gee jou mening sowel as 'n verduideliking.

VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE 1950's EN 1960's

- 1.1 Skryf 'n kort opstel (1 – 1½ bladsye) waarin jy die twee skilderye (FIGURE 1a en 1b) vergelyk deur die volgende aspekte te oorweeg:
- Onderwerp
 - Gebruik van perspektief
 - Komposisie
 - Gebruik van vorm
 - Skilderstyl
- (10)
- 1.2 Watter van hierdie twee skilderye skep die oortuigendste gevoel van die plek wat uitgebeeld word? Gee redes vir jou antwoord deur na die spesifieke details in die kunswerk te verwys.
- (2)
- 1.3 Bespreek die kunswerk van EEN oorsese kunstenaar wie se werk jy bestudeer het en wie se werk jou 'n soortgelyke gevoel van die mense en/of plekke van sy/haar tyd gee. Die kunstenaar wat gekies word, kan uit enige tydperk wees, maar moet NIE uit Afrika/Suid-Afrika wees nie.
- (8)
[20]

In die skilderye (FIGURE 1a en 1b) beeld beide Peter Clarke en Gerard Sekoto soortgelyke alledaagse tonele uit.



FIGUUR 1a: Gerard Sekoto, *Geel huise – 'n straat in Sophiatown*, 1940.



FIGUUR 1b: Peter Clarke, *Wind waai op die Kaapse Vlakte*, ongedateer.

VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS SEDERT 1950

'Ons nasie beweeg vorentoe na 'n tydperk waarin die verweefde, soomlose geskiedenis van sy mense sal oorheers om ons nasionale identiteit te vorm. Dit is duidelik dat ons, as 'n volk, na die verlede kyk om sin te maak van ons identiteit in die hede.'

[Thabo Mbeki tydens die opening van die 'Origins Centre' in Johannesburg op 7 Maart 2006]

2.1 Bespreek in 'n paragraaf hoe Skotnes en Battiss kunswerke geskep het wat 'n Afrika-identiteit oproep. Verwys na die twee visuele bronne in FIGURE 2a en 2b. (5)

2.2 Kunstenaars behoort na die verlede te draai in hul soeke na hul eie kulturele identiteit.

Bespreek hierdie stelling deur te verwys na kunswerke deur TWEE kunstenaars wat hul eie kulturele identiteit ondersoek. Jy mag Suid-Afrikaanse/Pan-Afrikaanse en/of Westerse/Europese kunstenaars gebruik.

Jy mag enige van die volgende aspekte as 'n riglyn vir jou antwoord gebruik:

- Inspirasie/Invloed/Bronne
- Kommunikasie en interpretasie van 'n kulturele identiteit
- Formele elemente
- Die kunsmaak-proses
- Enige ander temas en boodskappe wat deur hulle kunswerke oorgedra word

(15)
[20]



FIGUUR 2a: Cecil Skotnes, *Gesprek*, 1971. Gekleurde houtgravure.



FIGUUR 2b: Walter Battiss, *Rotskunstenaars*, 1965. Olie op doek.

VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK – WEERSTANDSKUNS


Jane Alexander en Norman Catherine het die twee kunswerke gedurende die tagtigerjare in Suid-Afrika geskep, toe baie kunstenaars deur middel van hulle werk teen die ewels van apartheid geprotesteer het. In albei hierdie kunswerke word die beelde/simbole van die onderdrukkers (die mense wat die apartheidstelsel in stand gehou het) op 'n aggressiewe, ontstellende wyse getoon.

Met verwysing na die bostaande stelling, skryf 'n opstel (minimum van 2 bladsye) waarin jy die volgende doen:

- Bespreek en vergelyk die maniere waarop die onderdrukkers in die werke van Jane Alexander en Norman Catherine (FIGURE 3a en 3b) uitgebeeld en gesimboliseer word deur na die volgende te verwys:
 - Moontlike betekenis(se) van die titel van elke werk
 - Die gebruik van kunselemente soos vorm, tekstuur, ensovoorts
 - Redes vir die gebruik van beide menslike en dierlike elemente
 - Redes vir die gebruik van verskillende mediums in die werk van dié twee kunstenaars

- Jy mag ook EEN ander kunstenaar wat jy bestudeer het, insluit, wat op die apartheidstelsel en/of ander kwessies wat sy/haar gemeenskap geraak het, reageer het.

[20]



FIGUUR 3a: Jane Alexander, *The Butcher Boys*, 1985. Gemengde media, insluitende gips, bene en 'n houtbankie.



FIGUUR 3b: Norman Catherine, *Oorlogshond*, 1988. Ets.

VRAAG 4: KUNSVLYT EN TOEGEPASTE KUNS


Kunsvlyt het onlangs 'n gewilde mode geraak en is ewe gesog onder binneversierders en modekenners as by toeriste. Die aansien daarvan het van laag na hoog gestyg, waar goeie vlytkunstenaars nou uitstekende pryse vir hul skeppings kan vra.

Esther Mahlangu beoefen tradisionele Ndebele-muurkuns. Haar werk is internasionaal bekroon en sy het wêreldwyd reeds vir byna 15 jaar uitgestal. Sy pas ook hierdie muurpatrone en vorme op skilderdoek en ander voorwerpe toe, soos die geverfde skoene en die BMW.

- 4.1 Deur na al die visuele bronne in FIGURE 4a – 4d te verwys, verduidelik in 'n paragraaf wat jy onder die veelbesproke kwessie van wat gesien word as 'skone kuns' of 'kunsvlyt', verstaan. (5)
- 4.2 Mahlangu sê dat sy haar kuns deesdae sien as 'n kommersiële kommoditeit wat die vroue van die voorheen benadeelde gemeenskappe bemagtig, en nie as 'n stelling oor haar gemeenskap nie.
- Deur van die beelde in FIGURE 4a – 4d of enige ander van jou keuse gebruik te maak, verduidelik hoe kunsvlyt betekenisvol tot die opheffing van die kunstenaar, die gemeenskap en die land kan bydra. (5)
- 4.3 Bespreek die gebruik van materiale en tegnieke in die werk van enige ander Suid-Afrikaanse vlytkunstenaar wat jy bestudeer het. (10)
[20]



FIGUUR 4a: Ndebele-geïnspireerde mode-uitrusting.



FIGUUR 4b: Esther Mahlangu, *Ongetiteld*, ongedateer. Akriliese verf op doek.



FIGUUR 4c: Esther Mahlangu, *SA vorentoe*, 2003.



FIGUUR 4d: Esther Mahlangu, *Beskilderde BMW*, 1991.

VRAAG 5: KUNS EN MAG – GEDENKGEBOUE, GEDENKTEKENS EN KUNSWERKE

Sedert die vroegste tye is strukture opgerig om mag of status te simboliseer. Van antieke Egiptiese tempels tot Gotiese katedrale in Europa, tot die twintigste- en een- en-twintigste-eeuse wolkekrabbers wat dikwels as 'katedrale van rykdom' beskou word, het die mens altyd die behoefte gehad om sy prestasies op hierdie wyse uit te druk.

Deur na die bostaande stelling en die beelde in FIGURE 5a – 5d te verwys, of dié van jou eie keuse, skryf 'n kort opstel (2 – 3 bladsye) waarin jy die volgende insluit:

- Name van voorbeelde wat bespreek is
- Gebruik van materiale en tegnieke
- Die belang van die perseel van die gebou/struktuur
- Die doel/funksie van die gebou/struktuur
- Bespreking van dekoratiewe eienskappe/beeldgebruik waar van toepassing
- Jou reaksie op hierdie strukture en hul betekenis/belang.

[20]




FIGUUR 5a: *Die Konstantynboog*, Rome.



FIGUUR 5b: Gerhard Moerdyk, *Voortrekkermonument*, Pretoria



FIGUUR 5c: Mies van der Rohe, *Die Seagram-gebou*, New York.




FIGUUR 5d: Helmut Jahn, *De Beers-hoofkantoor, Diagonaalstraat 11*, Johannesburg.

VRAAG 6: DIE ROL VAN DIE FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APARTHEIDSJARE/JARE NA APARTHEID

In die laat sestiger- en sewentigerjare het Rorke's Drift in KwaZulu-Natal een van die belangrikste opleidingsentrums vir swart kunstenaars geword. Die doel daarvan was om die unieke kunserfenis van Afrika te koester en om hierdie erfenis met nuwe invloede uit te brei sodat dit sy regmatige plek in 'n ontwikkelende en veranderende samelewing sou vind.

Cyprian Shilakoe en Dan Rakgoathe was twee uiters belangrike kunstenaars wat albei by die Rorke's Drift Kunssentrum opleiding ontvang het.


- 6.1 Deur die kunswerke in FIGURE 6a en 6b te vergelyk en te bespreek, veral met betrekking tot die gebruik van die formele elemente, tegniek en stemming, sê watter kunswerk na jou mening visueel die suksesvolste werk is. Gee redes vir jou antwoord. (8)
- 6.2 Skryf 'n paragraaf waarin jy TWEE ander kunswerke van kunstenaars wat by die Rorke's Drift, Pollystraat- of Nyanga-kunssentrum gestudeer het, bespreek en analiseer. Sluit in jou bespreking die belangrike rol in wat hierdie sentrum(s) in die opleiding van swart kunstenaars gespeel het. (12)
[20]



FIGUUR 6a: Dan Rakgoathe, *Raad van Bemoediging*, 1973. Linosnee, 43 x 41,5 cm.

Dan Rakgoathe het die volgende woorde geskryf oor sy werk *Raad van Bemoediging* wat op die uitstillingskaartjie van sy retrospektiewe uitstalling in 1989 verskyn het:

'Geliefde, jy moet mooi bly ...
Mag diepe vrede by jou bly
En 'n lig van bemoediging om jou gloei
In die flikker van 'n vlam van 'n bewende roos
Vaarwel – '



FIGUUR 6b: Cyprian Shilakoe, *Kom ons wag tot hulle arriveer*, 1971. Ets.

Die intensiteit van sy obsessie met die geestelike wêreld en die gebied van drome is sigbaar in sy kunswerke. Shilakoe het op 'n jong ouderdom tragies in 'n motorongeluk gesterf. Hy het die volgende voorspel:

'Ek gaan hierdie wêreld verlaat, maar ek sal terugkeer – en julle mense, julle gaan my onthou.'

VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Daar is sommige kunstenaars wat dit vir die geld doen; ander wat dit net vir hulself doen; en dan is daar die Jan van der Merwes van hierdie wêreld wat dit vir hierdie gemeenskap doen, deur 'n kragtige boodskap te skep wat almal laat regop sit en laat kennis neem.

Van der Merwe word beskou as een van Suid-Afrika se voorste kontemporêre kunstenaars. In sy uitstalling, *Die Argeologie van Tyd*, is dertig jaar se werk versamel, waarvan die meeste in sy kenmerkende geroeste metaal en gevonde voorwerpe. Hy dek alles, van vroue- en kindermishandeling, tot oorlog, die effek van TV-geweld op kinders, apartheid, lewe, dood en alles onderstreep deur 'n diep geestelike boodskap.

[Bron: *Lê bloot die broosheid van lewe*, geneem uit 'n artikel deur Geraldine Fröhling, *Sunday Times*, November 2006]

7.1 Na bestudering van die visuele bronne (FIGURE 7a – 7d) en die bostaande teks, skryf 'n kort opstel (1 – 1½ bladsye) waar jy die volgende punte as 'n gids vir jou bespreking gebruik:

- Die belangrikheid van die gebruik van *roes* in die werk van Van der Merwe en die verband met die titel van sy uitstalling, *Die Argeologie van Tyd*
- Hoe hy 'n gevoel dat tyd verbygaan in sy installasie *Wag* geskep het
- Enige ander relevante inligting wat op die visuele en geskrewe inligting wat jy oor hierdie kunswerk ontvang het, gebaseer is

(10)

7.2 Baie kontemporêre kunstenaars wat relevante sosiale kommentaar lewer, maak van alternatiewe media, soos installasies, gebruik.

Besprek 'n kunstenaar wie se werk jy bestudeer het wat op dié manier gewerk het. Motiveer of die keuse van medium byvoeg by of wegneem van die boodskap en of die werk dieselfde impak sou gehad het as dit in 'n tradisionele medium uitgevoer was.

(10)
[20]

INSTALLASIE DEUR JAN VAN DER MERWE

Hierdie installasie eer die vroue en kinders van die Anglo-Boere-oorlog se konsentrasiekampe, sowel as die vroue en kinders van vandag wat gevange bly in situasies wat die gevolg is van armoede en sosiale omwenteling.



FIGUUR 7a: Jan van der Merwe, *Wag*, 2000. Geroeste metaal, gevonde voorwerpe en klere.



FIGUUR 7b: Jan van der Merwe, *Wag*. Detail.



FIGUUR 7c: Jan van der Merwe, *Wag*. Detail.



FIGUUR 7d: Jan van der Merwe, *Wag*. Detail.

VRAAG 8: KUNS EN DIE GEESTELIKE RYK

Die uitdrukking van geloofs- en/of geestelike besorgdheid was nog altyd 'n deel van die visuele kunste.

- 8.1 Dink jy dat die gebruik van Bybels en Bybeltekste in Wim Botha se installasie bydra tot die betekenis van die kunswerk, of kon hy maar netsowel ou telefoongidse gebruik het om die vorms te skep wat hy wou hê? Motiveer jou antwoord in 'n kort paragraaf. (3)
- 8.2 Alhoewel Hlungwane en Peter Schütz albei in tradisionele materiale gewerk het, is hul werk baie verskillend. Watter een van die twee werke beskou jy as meer godsdienstig/geestelik? Gee redes vir jou antwoord. (5)
- 8.3 Bespreek die werk van enige ander kunstenaar uit enige tydperk wat jy bestudeer het wat ook 'n sterk godsdienstige/geestelike boodskap in sy/haar werk kommunikeer. Jy moet die volgende inligting in jou bespreking insluit (1 – 1½ bladsye):
- Naam van kunstenaar en titel van werk
 - Medium gebruik
 - Boodskap/Inhoud van die werk
- (12)
[20]



FIGUUR 8a: Wim Botha, *Kommune: Ophang van Ongeloof*, 2001. Gekerf uit Bybels en Bybelteks. Installasie.




FIGUUR 8b: Jackson Hlungwane, *God en Christus*, 1990. Hout.




FIGUUR 8c: Peter Schütz, *Durban ikoon*, 1999. Hout en verf.

VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES


- 9.1 Bespreek hoe die visuele bronne (FIGURE 9a – 9d) kommentaar lewer op die rol van moderne vroue. Jy moet na die volgende in 'n kort opstel verwys (1 – 1½ bladsye):
- Hoe die media sekere beelde van vroue bly oordra. Verduidelik wat die beeld in die advertensie (FIGUUR 9a) oordra en hoe dit bereik is
 - Hoe die houdings van die vroue (FIGURE 9b – 9d) kommentaar lewer op hulle verskillende rolle in die samelewing
 - Interpretasie van die twee werke van Lisa Brice (FIGURE 9c – 9d) deur na die media, titels en ander elemente wat gebruik is, te verwys
 - Hoe hierdie kunswerke (FIGURE 9b – 9d) 'n mens van die belange van vroue bewus maak (12)
- 9.2 Bespreek 'n ander werk deur EEN kunstenaar wat feministiese/vroulike kwessies en/of enige ander kwessies rakende geslag in sy/haar werk ondersoek het. Die kunstenaar kan Pan-Afrikaans/Suid-Afrikaans of van oorsee wees (1 bladsy). (8)
[20]




FIGUUR 9a: Vera Wang-parfuum-advertentie.



FIGUUR 9b: Allen Jones, *Stoel en Meisie-tafel*, 1969.



FIGUUR 9c: Lisa Brice, *Seksat Goedkoop Goedkoop*, 1990. Gemengde media.



FIGUUR 9d: Lisa Brice, *Wat is 'n huis sonder 'n gewapende moeder?*, 1995. Linoleum, hout, gips.

VRAAG 10: SUID-AFRIKAANSE ARGITEKTUUR

Daar kan gesê word dat Suid-Afrikaanse argitektuur eenvoudig 'n pastiche (slegte kopie) is van style wat oorsee ontstaan het.

- 10.1 Stem jy met die bogenoemde stelling saam, of nie? Gee redes vir jou antwoord in 'n kort paragraaf. (3)
- 10.2 Dink jy dit is belangrik dat sommige van ons argitektuur 'n duidelik onderskeibare Suid-Afrikaanse styl moet reflekteer? Motiveer jou antwoord in 'n kort paragraaf. (3)
- 10.3 As jy 'n argitek was en gevra is om 'n nuwe hoërskool in jou omgewing te ontwerp, watter kwessies sou jy as belangrik beskou wanneer jy aan jou ontwerp werk? (4)
- 10.4 Bespreek EEN gebou wat jy bestudeer het wat jy voel ons Suid-Afrikaanse kultuur/identiteit/behoefte suksesvol weergee. Dit kan deur die argitek se keuse van ontwerp, materiale, benutting van die perseel of bouegenieke wees. Jy moet die naam van die argitek en die gebou noem (1 – 1½ bladsye). (10)
[20]

TOTAAL: 100



FIGUUR 10: 'n Tipiese Suid-Afrikaanse stad.